# Baie dankie dat u 'n donkie aanneem!

## Kies asseblief u spesiale donkie uit die lys hieronder, of ons kan een vir u kies:

**THABO**

Klein donkerbruin/swart reun. Wit traan-merk op die regterwang. Altyd effens deurmekaar!



**SHEILA**

Donkerbruin merrie met 'n groot vetrol op haar nek. Is vetgevoer om geslag te word vir leeukos. Steeds bang vir mense.

**SPOKIE**

Wit merrietjie, meer as 30 jaar oud. In Swellendam gevind in skokkende swak toestand. Baie vriendelik met 'n stem aan haar!

**DINKY**

Baie klein bruin merrie met pragtige donkerbuin kruis en donker randjies op haar ore. Angstige pos-tuur en hou haar kop baie laag.

**DONKEY**

Dinky se lummel van 'n seun! Groot donkerbruin reun met dieselfde kruis, tiener, baie selfversekerd en vriendelik.

**DOWWE DOLLA**

Pragtige donkerbruin/swart merrie met lang blonde hare in haar ore en maanhare. Ongeveer ses jaar oud. Gered uit haglike omstandighede.

**BELLA**

Bruin merrie, ongeveer 25 jaar oud. Die enigste een hier met 'n donker gesig en neus, en sebra-strepies op haar bene. Haat ganse!

**EEYORE**

Laaaaaaaang hare! Bruin met blonde strepies! Die senior staatsman van die trop.

**ZIGGY**

Vulletjie met lang blonde hare. Sy is uit haglike omstandighede verwy-der vanaf 'n "petting zoo" waar sy in mis en modder geleef het. Sy is nou vriendelik en baie nuuskierig, en ondersoek alles met haar neus!

**KITKAT**

Het saam met Ziggy gekom. Hy is 'n mooi bru-in/grys vul met sebrastrepies op sy bene. Nog effens skaam en skuil agter Groot Sus Ziggy as hy onseker voel.

**AMY**

Vriendelike donkerbruin merrie, gevaarlik oorgewig. Sy is oorvoed deur haar vorige eienaars om te probeer opmaak vir die swak toestande waaruit sy gered is.